# AL IS DIT NET 'N LIEDJIE

## Dra Iets Blywends by vir U Nasie

## MOERDYK SE RAAD

## Voortrekkermonument Sal Eenheid Help Skep

(Eie Berig.)

PRETORIA, Saterdag. — Ons grootste nadeel is dat ons nog nie 'n nasie is nie, het mnr. Gerard Moerdyk, voorsitter van die Pretoriase Universiteitsraad en ontwerper van die Voortrekkermonument, vanaand gesê op die jaarlikse eetmaal van die Kollegetehuis van die Universiteit van Pretoria.

As 'n mens nagaan waar die tuig skaaf, dan stuit jy altyd daarop dat ons by voorbeeld nog twee hoofstede het en twee tale. Daar is nog niks waar ons net een van het nie.

Die Jode is 'n nasie al het hulle geen land nie. Hulle is 'n ouer nasie as enig ander nasie van vandag en het dit gebly omdat hulle 'n geskrewe geskiedenis het. Alles wat hulle gehad het, is weg, behalwe die geskiedenis.

### VOLKSTRADISIE

Een van die dinge wat 'n nasie maak, is 'n tradisie, 'n tradisie wat soos 'n paal bo water staan. Omtrent so 'n tradisie by ons is nog twyfel. In die Voortrekkermonument sal ons iets hê wat Suid-Afrika een sal laat voel, een bo alle geskille uit. Ons het drie kerke en selfs in ons godsdiens geen eenheid nie, maar iets soos die Voortrekkermonument sal 'n geweldige invloed hê om ons tot eenheid van gedagte en van ideaal te bring.

Die Voortrekkers is iets wat ons bind. Hulle het gedoen wat geen ander nasie êrens tot stand gebring het nie. Hulle was mense van verskillende elemente en daar is nou in Suid-Afrika geen nasie of ras wat nie voordeel van hul werk trek nie.

Die tradisie wat ons as 'n nasie moet bestempel, is daar nog nie, maar as ons voortgaan met wat die Voortrekkers gedoen het, is daar 'n kans dat ons 'n nasie sal word.

### IETS BLYWENDS BYDRA

Ons kan self Voortrekkers wees. Die natuur is taamlik getem en die inboorling heeltemal. Nou moet daar nog gepresteer word op die gebied van die dinge wat ons as nasie sal bestempel. Elkeen moet probeer om iets by te dra tot ons geestelike goed, iets blywends, al is dit 'n liedjie. Die persoon wat dit doen, het goed geleef.

Mnr. Jan Pienaar, wat die heildronk op die Universiteit ingestel het, het verklaar dat die tegniese skole 'n dreigement vir die universiteite geword het. Hulle gee onderrig aan gematrikuleerdes, wat by die universiteite tuishoort, al is dit van baie praktiese aard. Die universiteite behoort 'n meer praktiese weg in te slaan. Pretoria behoort by voorbeeld 'n Mediese Fakulteit te hê, en die ekonomiese onderrig kan van meer praktiese aard word.